20 November 2020

NG Gemeente Stellastraat

B L I T S N U U S

Wees asseblief ekstra waaksaam! - *Anton Pienaar*

Daar was in die afgelope week minstens drie gewapende rooftogte in ons omgewing. Drie gesinne, wat lidmate van Stellastraat is, het deurgeloop onder die lewensbedreigende aanvalle. Dit is ontstellend. Nog meer onstellend is dat dit lyk of sommige mense gewoond raak daaraan. Is dit die nuwe normaal?

Dit mag nie die nuwe normaal wees nie! 'n Gemeenskap het die reg op vrede en veiligheid. Mense wat naasmekaar woon probeer om welwillend teenoor mekaar te wees, en ruimtes te skep waarin kinders en ou mense in veilige en geborge omstandighede kan leef. Ons wil nie in 'n samelewing wees waarin vrees, woede en haat die oorheersende emosies is nie.

Ons is bitter jammer vir hulle wat teikens was die week, en vir baie ander waarvan ons dalk nie eers weet nie. Kan ons mekaar herinner om ekstra versigtig te wees, waar ons ook beweeg. En baie dankie vir die groot omgee wat al drie die gesinne beleef het!

Sondag 22 November se eredienste

Die **08:30 erediens** word deur James gelei en word weer lewendig uitgesaai op die ***Stellastraat Live*** Youtube kanaal **www.youtube.com/c/stellastraatlive** Die skriflesing is Psalm 133 en die tema is *'Kyk hoe mooi!'* Baie geluk aan die vier kindertjies wat tydens die diens gedoop gaan word!

Die **10:00 erediens** word deur Fay gelei en die tema is '*Genade alleen*' die skriflesing is Efesiërs 2:3-10. Daar word ook twee baba's gedurende die diens gedoop.

Die **Adoramusdiens 18:00** in die kapel word deur Tienie gelei. Volgens die Kerklike jaar is dit Sondag die einde van die Koninkryktyd. Die tema waarmee ons dan hierdie denke oor die koninkryk afsluit, is *'Ons Koning is 'n herder en ons Herder is 'n koning'*. Die teksgedeelte is Esegiël 34:11-16, 23-24 en stem baie ooreen met Psalm 23. Hoe betrek God se sorg ons om sy koninkryk sigbaar te maak?

Onthou dat jy asseblief moet registreer vir die eredienste! Skakel die kantoor, maar die maklikste is op die selfoon. Gebruik asseblief die volgende skakel - **https://forms.gle/sgAdxNtCatdUEBEJ6** En moenie paniekerig word nadat jy geregistreer het nie, die web vat 'n rukkie om jou aanmelding te wys.

Baie welkom aan die volgende dopelinge!

Baie welkom aan
Pieter, Olaf, David & Mignon, hulle ouers, grootouers, familie en vriende!

Baie welkom aan
Elian Matthys Johannes Engelbrecht sy ouers, familie en vriende!

Baie welkom aan
Ilan Beyers de Beer sy ouers, familie en vriende!

Herinneringsdiens 29 November 2020

Aanstaande Sondag tydens die 08:30 erediens, gaan ons die jaarlikse onthou en gedenkgeleentheid hê vir naasbestaandes wat die afgelope jaar oorlede is. Naasbestaandes of vriende gaan die geleentheid hê om tydens die erediens 'n kers aan te steek vir die persoon wat ons ontval het. Die kerkkantoor gaan die families kontak waarvan ons weet, maar ons versoek tog dat naasbestaandes met Hannalie by die kerkkantoor sal bevestig dat hulle aan die geleentheid gaan deelneem.

Kersangdiens volgende week onder die stêrre! 29 November 2020

Dit gaan sommer 'n groot en lekker geleentheid wees! Kerssangdiens, piekniek, afsluiting van 'n moeilike jaar, en wat jy ook aan kan dink ons behoort te vier! Die kerssangdiens gaan reg voor die kerk se hoofingang gehou word. Bring jou kampstoele, of 'n kombers en jou piekniekmandjie. Die musikante gaan op die trappies wees, asook die skerm. En nooi jou vriende en familie uit om saam te kom sing en kuier onder die stêrre hier kort voor Kersfees!

Aansoeke vir die finansiële pos in Stellastraat, 30 November

Ons maak weer bekend dat daar 'n pos in Stellastraat is vir iemand wat kan help met die boekhouding en finansiële bestuur. Susan Visagie, ons Finansiële Beampte, se ongesteldheid het ons genoop om iemand te soek wat kan help met die finansiële bestuur. Aansoeke vir die pos moet ons op die laaste 30 November 2020 bereik.

Skooltassies vir 2021 se kleintjies

Dankie vir almal wat weer gaan help om 'n skooltassie vir 2021 te borg. Eleanor du Preez en Fay het reeds die tassie gepak met al die noodsaaklikhede daarbinne, en die tassies gaan eersdaags afgelewer word.

Die waarde van elke tassie is ongeveer R400. Wil jy nie asb dit oorweeg om 'n tassie of 'n halwe tassie te borg nie? Jy kan met die elektroniese inbetaling in Stellastraat se rekening net aandui dat dit vir die skooltassies gaan.

Kersfeeskosmark

Die bestellings vir die Kerfeeskosmark is oop!

Bestellings kan geplaas word op die ***Foodbooking-toepassing*** elke dag vanaf 08:00 tot 19:00 tot en met 28 November 2020.

Hoe werk dit op die *Foodbooking-toepassing*?

1. Laai die ***Foodbooking-toepassing*** af.
2. Plaas jou bestelling en betaal. Indien jy met 'n EFT betaal gebruik asseblief KOSMARK + jou van as verwysing.
3. Laai jou lekkernye by die gemeente op tussen 16:00 en 19:00 op 4 Desember 2020.

Jy kan ook op die volgende skakel kliek vir die spyskaart en die bestelvorm - **http://stellastraat.co.za/wp-content/uploads/Kersfees-Kosmark-Spyskaart.pdf**

Bestellings kan ge-epos word aan admin@stellastraat.co.za of by die Kerkkantoor ingegee word.

Operasie restorasie

Almal wat belangstel in die jaar se operasie restorasie *'save the date'!* Op Sondag 6 Desember 2020 gaan ons die ingangsmuur by PEN se kleuterskool ***Sun Sparrows*** kleurvol verf. Indien jy deel wil wees van die opwindende projek kan jy solank vir Fay kontak (083 478 0854). In volgende week se Blitsnuus sal daar meer inligting wees.

Geweld in ons midde

Ons is baie jammer vir die gesinne wat die afgeloop week onder geweldadige rooftogte deurgeloop het.

- Cornelia Sadler van Maraisstraat
- Dawie de Villiers van McKenziestraat
- Die Burger-gesin van Julius Jeppestraat

Dankfees 2020

Dit is 'n riem onder die hart om te weet dat Stellastraat se dankfeesinkomste vir 2020 reeds R540 000 opgelewer het, wat beteken dat die begrote bedrag van R725 000 nie buite bereik is nie! Dankie vir die wonderlike gesindheid wat die gemeente ervaar! Die gemeente se inkomste vir die jaar is 3% onder begroting en die grootste rede daarvoor is dat daar 'n afname van 70% (ongeveer R500 000) in die bankkollektes was as gevolg van die covid-10 inperkings.

Ongesteld

Francois Retief van Daphnestraat 61, Maroelana het sy onderbeen op twee plekke gebreek. **Heidi Mennen** van Cianne Crescent 347, Waterkloofrif ondergaan tans chemo-behandeling.

Verjaarsdae 22 - 28 November

Ons wens graag die volgende lidmate geluk met hul verjaarsdae!

Sondag 22 November:
Hester Deppe, Jean Eksteen, Susan Gerryts, Leonore Kruger, Fred Landman, Joachim Mennen, Johan Odendaal, William Prinsloo, Nicolene Steyn, Sandra Vermeulen, Johan Viljoen, Sanet Visser.

Maandag 23 November:
Willem Botha, Renate Eloff, Melodie Greyling, Jan Marais, Cora Naudé, Lieka Prinsloo, Sonja Retief, Etienne Stiglingh, Bennet van der Gryp.

Dinsdag 24 November:
Armand Dreyer, Greta Dreyer, Laura Matzner, Kara Olivier, Frances Scholtz, Liezel van der Westhuizen, Ben Weideman.

Woensdag 25 November:
Robbie Arndt, Emma Boshoff, Irene Crowther, Hetty Geyer, Rudi Jordaan, Tilana Knafo, Pieter Massyn, Pierre Steyn, Alet van Jaarsveld, Ghite van Rooyen.

Donderdag 26 November:
Phlippie Bosman, Gerhard Coetzee, Dawie de Villiers, Matt van der Westhuizen, Sebastian van Niekerk, Gerrit Wassenaar, Liam Webber-Youngman, Johan Willemse.

Vrydag 27 November:
Niel Lewis, Gerrit Roberts, Judy van Freden.

Saterdag 28 November:
Esther Pelser, Leonie van As, Johan van der Westhuizen.

NG Gemeente Stellastraat

Stellastraat 158
Waterkloof
0181

Tel: 012 460 8570
Faks: 086 480 7844
Epos: info@stellastraat.co.za

Bankbesonderhede:
Bank - ABSA
Tjekrekeningnommer
540 580 022
Takkode - 632 005

www.stellastraat.co.za